**Sing vooraf**: Psalm 16:2 (p. 61)

2 Wie hier 'n ander god met gawes eer, / dié sal homself met baie smarte pynig.
Ek sal sy offers uitgiet nóg begeer; / sy afgodsnaam sal nie my mond ontreinig.
My erfdeel is die HEER, my vreugdebeker, / my lot is in sy hand vir ewig seker.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 84:1 (p. 424)

1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

**Amen.**

Skrifberyming 2-4:1 (33:1)

1 Wat 'n liefde^en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore^is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

Skriflesing: Matteus 5

Teks: Matteus 5:20; Kategismus Sondag 40

**Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.** (Matteus 5:20 AFR1953)

Ons gee vandag in hierdie preek aandag aan die rigting waarvandaan en waarheen ons lewe. Leef jy eers in die wêreld in en dan na die Here toe, of lewe jy uit die Here uit in hierdie wêreld in?

Die wortels van sonde lê soms dieper as wat ons besef.

- Ons doen of sê ook baie keer dinge sonder dat ons dink wat ons doen, of ons doen dit in die hitte van die oomblik – en dan dink ons dat dit versagtend is.
- In hierdie gedeelte is dit duidelik dat die Here van ons verwag om elke gebod en sy konsekwensies baie deeglik te deurdink, en om te dink wat ons doen en sê.
- Die Here neem ons kwalik as ons ondeurdag optree.

Dit is ook nie so dat ons kan doen wat ons wil omdat Jesus ons vrygemaak het van die Tien Gebooie nie, want Hy het nie.

- In ons teksvers maak die Here Jesus die uitspraak dat Hy ons nog sterker aan die onderhouding van die Tien Gebooie bind as wat die ou skrifgeleerdes en Fariseërs daaraan gebind was.
- Maar die binding tussen ons en die Wet lê net op 'n totaal ander vlak as wat dit die geval was met hierdie mense.
    - Ons leef nie soos hulle eers in die wêreld in en dan na die Here toe nie.
    - Ons lewe uit die Here uit in hierdie wêreld in.

Daar is 'n baie sterk samehang tussen die Tien Gebooie en die koninkryk van die hemele.

- Die een bestaan nie sonder die ander nie – hulle bestaan saam.
- In die gedeelte wat ons gelees het, verduidelik die Here Jesus wat die verhouding tussen hierdie twee dinge is.

Let op na sleutelwoorde wat die Here gebruik. Hy sê: **as julle geregtigheid nie oorvloediger is . . . nie.**

- Die eerste sleutelwoord is die woord **geregtigheid**.
    - Daar is dinge wat vir die Here reg is, en dit is die dinge wat ons moet doen.
- Die tweede sleutelwoord is die woord **oorvloediger** (meer getrouheid).
    - Dit gaan nie daaroor dat die wet net gewoonweg gedoen moet word nie.
    - Dit moet oorvloediger gedoen word.
    - Die vertalers het in die NAV geskryf dat ons getrouheid aan die wet meer moet inhou as dié van die Fariseërs – ons wetsonderhouding moet dus getrouer wees as wat hulle s'n was.
- Die derde sleutelwoorde is: **as die van skrifgeleerdes en Fariseërs . . .**
    - Hierdie groter getrouheid of oorvloediger optrede moet gesien word teen die agtergrond van die optrede van die Fariseërs.
    - Die ou Jode het almal geweet hoe presies die Fariseërs was om die wet te onderhou.
    - Hulle het selfs meer wette gemaak as die Tien Gebooie om te sorg dat hulle nie een van die Tien Gebooie oortree nie.
- Die vierde stel sleutelwoorde is: **. . . julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.**
    - Met hierdie uitspraak toon die Here aan dat daar groot fout was in die manier waarop die Fariseërs die wet onderhou het.
    - Die Here Jesus het aangetoon dat die Fariseërs se manier van wetsonderhouding die aanbidding aan God die Here gemis het omdat dit net op die uiterlike gerig was.
    - Daarom impliseer Hy hier dat mense wat die wet soos hulle onderhou, almal verlore gaan.
    - Die Fariseërs se wetsonderhouding was nie getrou genoeg nie.

Wat was die fout wat hierdie mense gemaak het? Of anders gestel: Wat moet ons doen om die wet dan reg (oorvloediger/getrouer) te onderhou?

- Die antwoord lê in die woorde: **koninkryk van die hemele**.
- Ons oë moet gerig wees op die koninkryk van die hemele.

Wat beteken dit? Die mense wat daar rondom die Here gestaan het, het ook gewonder watter verskil dit dan nou maak tussen wat hulle moet doen en wat die Fariseërs gedoen het.

- Die verskil kom daarby dat die Fariseërs die wet onderhou het om in hierdie lewe uit die moeilikheid te bly.
- Hulle het hulle wetsonderhouding net op hierdie lewe gerig en verwag dat die Here hulle daarom die ewige lewe moet gee as beloning.

Die Here leer dat dit die verkeerde manier van doen is omdat gelowiges die lewe uit 'n heeltemal ander hoek benader. *Hulle is so diep aan die Here verbonde dat hulle vanself uit die Here lewe.*

Om dit maklik verstaanbaar te maak, neem die Here 'n paar van die gebooie en Hy wys hulle hoe die Fariseërs dit toepas, en hoe die Here dit beoordeel. In al die gevalle leer die Here ons wat die geregtigheid van God is, en hoe dit toegepas behoort te word.

- Die eerste voorbeeld wat die Here noem, is die verbod op doodslag.
- Eers wys die Here daarop dat Hy nie die wet ontbind nie, maar vervul (v. 17).
- Daarna vertel Hy hoe die wet vervul moet word.
    - Die wet waarsku dat iemand wat iemand anders doodmaak, deur die gereg gestraf sal word.

Met **gereg** bedoel die Here Jesus in die eerste plek die Joodse geregshowe.

- Daar was in elke groot sentrum so 'n geregshof wat bestaan het uit 23 lede.
- Die Groot Raad (Joodse Raad in NAV) waarna die Here verwys, is die Sanhedrin wat in Jerusalem gesetel was, en wat uit 71 lede bestaan het.
- Maar dieper as die gereg wat ons op die aarde straf, bedoel Jesus die gereg van God waarvoor ons uiteindelik almal sal verskyn, en oor hierdie selfde gebooie verantwoording sal doen.

Daarom stel die Here Jesus die feite:

- Die oorlewering praat net van die aardse regter wat sal straf.
- God oordeel baie meer diepgaande, want Hy ondersoek die rede waarom sonde gedoen is (of nie gedoen is nie).
- Hy begin by die sondaar se diepste geloofswortels.

Hy verduidelik dat dit in die sesde gebod nie net gaan oor die fisiese doodmaak van 'n ander mens nie.

- Dit gaan ook oor ander familielede van moord, wat nie eers deur 'n aardse regbank as moord verstaan sal word nie.
- Daarmee openbaar die Here Jesus hierdie een ding wat so belangrik is:
    - Jy is dalk gelukkig omdat jy in hierdie lewe kan wegkom met 'n verkeerde ding wat jy gedoen het, maar die straf daarvoor wag in die hiernamaals as jy nie tot bekering kom nie.
    - Die Here sê spesifiek dat die straf die hel is.

Die Here praat verder.

- Hy wys die hoorders daarop dat ons iemand anders in 'n oomblik van woede of verergdheid baie maklik kan uitskel.
- Ons sê sommer vir iemand dat hy 'n dwaas of 'n gek is.
- Dink maar in u eie gedagtes oor wat u al gesê het en wat ons ander hoor sê: Jy is simpel! Jou vuilgoed! Jy's mal!

Daar is 'n hele paar sulke ondeurdagte uitsprake wat mens dikwels hoor, wat niks met hierdie teks te doen het nie, maar wat ons as voorbeelde kan gebruik van dinge wat ons sê wat vir die Here baie aanstootlik is en selfs sy eer aantas. Dink aan:

- Dis Gods onmoontlik. (Alles is by God moontlik. Hierdie spreuk tas die almag van God aan!)
- Of: Ek is die hel in (waarmee jy self jou hiernamaalse blyplek loën).

Al hierdie dinge is by die Here strafbaar. Die bedoeling van die Here Jesus is nie dat iemand wat dit nou al gesê het, hel toe gaan nie.

- Hy waarsku daarmee dat mense aanhou om sulke dinge te doen, en dan dink dat dit nie verkeerd is nie.
- By God is hierdie soort van optrede presies net so strafbaar as wat moord self is. Die straf is ook dieselfde.

Daarom moet ons nie sulke dinge doen nie, en as dit al 'n gewoonte geword het om so met iemand te praat, moet ons dadelik tot bekering kom.

- Ons moet altyd onthou dat sonde by die Here sonde is.
- Hy dink nie dat party sondes klein is, en daarom maar oorgesien kan word, en dat ander sondes groot is, en daarom swaar gestraf moet word nie.
- Alle sondes waarmee jy jou naaste aanrand, is by die Here strafbaar met die helse vuur (v. 22).

Die Here wil ook nie met hierdie uitspraak ons regstelsel verander nie.

- Hy wil net hê dat ons moet besef dat in die geesteswêreld daar ook 'n regbank staan waar ons verantwoording sal moet doen.
- Hy moedig ons aan om so aan die Here verkleef te bly dat ons uit ons hart en verstand vanself en spontaan sal liefhê en nie mense aanrand met die woord of met die daad nie.

Die Here pas dit nog verder toe. Iemand is op pad om te gaan offer. In ons taal en gebruik: Ons gaan gebruik Nagmaal.

- Voordat jy kan offer of Nagmaal gebruik, moet jy eers selfondersoek doen, en gaan kyk wat daar alles fout gegaan het tussen jou en die Here.
- In die voorbeeld wat die Here gebruik onthou hierdie persoon dat daar iemand anders is wat vir hom/haar kwaad is.
- Let wel: Die Here sê nie dat die persoon ten onregte kwaad is nie. Die Here stem saam dat die reg aan kant is van die persoon wat gaan offer.

Tog beveel die Here hom om sy offer neer te sit en eers die persoon wat vir hom kwaad is, te gaan opsoek. Die bedoeling is sekerlik nie dat jy om verskoning moet gaan vra omdat jy reg is nie. Die Here se bedoeling is tweeledig:

- Gaan maak vrede.
- Gaan stel jou naaste in 'n posisie om die saak tussen julle reg te maak.

Daarna kan die persoon gaan offer (Nagmaal gebruik).

Vrede tussen mense word nie hoër gestel as die offer aan die Here nie.

- Die Here wil net die erediens so heilig as moontlik hê.
- Uit die aard van die saak sal 'n Nagmaalviering heiliger wees as almal wat daar aansit met mekaar versoen is, as wat dit sal wees as party van hulle iets teen mekaar het.

*Die beginsel is dat mens nooit behoedsaam genoeg kan wees wanneer jy met jou naaste omgaan nie. Die skuld van 'n onversoende verhouding staan in wese met doodslag gelyk.*

Verder wys die Here ook hoe ons ons tydens versoening moet gedra.

- Jy moet nie op jou eie regte staan asof jy so belangrik is nie.
- Jy moet dadelik en opreg vergewe wanneer die saak uitgestryk word.
- Die Here wys ook daarop dat 'n langdurige vyandskap en haatdraendheid tussen ons en iemand anders dalk kan veroorsaak dat die ander party iewers met iets wat jy doen hof toe kan gaan, en dat jy dan jou saak kan verloor.
- Jy kan jouself dan moontlik 'n baie swaar straf op die hals haal, terwyl dit nie sou gebeur het as jy van die begin af vriendelik was en met hom gaan versoen het nie.

Ons geaardheid veg hier teen ons, want as iemand ons om verskoning vra, sê ons baie maklik dit is reg, maar ons wil eers tyd hê om oor die ding te groei.

- Die Here wil dit nie so hê nie.
- Hy sê ons moet gou goedgesind wees.
- Hy het die reg om dit te eis, want Hy bly nie vir 'n lang ruk kwaad vir ons en verwyt ons die dinge wat ons teen Hom doen nie – Hy het sy Seun aan die kruis laat sterf om al ons skuld te versoen.

Die Here noem nog 'n voorbeeld om aan te toon hoe diep die sonde in ons ingegroei is. Hy wys daarop dat ons nie mag egbreek nie.

- Om nie eg te breek nie, beteken letterlik dat ons nie mag skei nie.
- Maar nou wys die Here dat daar 'n onderlaag onder hierdie sonde is wat ook vermy moet word, want dit is vir die Here net so erg soos egbreuk.
    - Hy sê: **Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.**
    - Natuurlik geld hierdie waarskuwing mans en vrouens, want die Here verwys hier maar net na die man omdat hy die hoof van die mensdom is – in hom is die vrou inbegrepe.

*Met hierdie en nog meer voorbeelde bring die Here ons terug na die hart van die saak waaroor dit gaan: Waar lê die vertrekpunte van jou lewe?*

- Iemand wat deur die Here Jesus verlos is, dink nie in die eerste plek aan hierdie lewe, met ander woorde om net hier uit die moeilikheid te bly nie.
- Hy dink eerste aan die koninkryk van die hemele – hy dink heel eerste aan die Here en wat die Here van hom verwag.

Die ware gelowige onderhou nie die wet net omdat die Here dit van hom verwag nie.

- Hy doen dit omdat hy dit wil doen.
- Hy doen die regte dinge omdat dit diep uit sy hart uitkom – dis hoe hy wil optree en lewe.
- Dit is iemand wat nie vol skynvroomheid is nie.

Ons moet altyd onthou dat ons nie meer onder die wettiese verbond lewe nie.

- Ons lewe as verlostes uit die Here Jesus Christus.
- Die Here Jesus het klaar ons sondestraf gedra.
- Nou moet ons nie meer vassteek by die oppervlak van die wet nie, want mense wat van die geweld en pyn van die hel af losgemaak is, kan nie in hulle dankbaarheid vassteek by die uitwendige vertoon van wetsnakoming nie.

Daar is 'n rede voor.

- As ons werklik verlos is, sal ons deur die werking van die Heilige Gees 'n lewende band met God beleef.
- Ons sal so ingeweef wees met die wil van die Here dat ons uit liefde vir Hom net sal wil lewe soos wat Hy van ware aanbidders verwag.

Sulke mense kyk dieper. Hulle sien nie net die uiterlike vorm van wetsoortreding raak soos wanneer iemand klaar doodgemaak is, of twee mense wat geskei is nie.

- Die Heilige Gees laat hulle baie dieper sien sodat hulle ook verstaan dat dinge soos nagaandigheid nie deel moet wees van 'n beelddraer van die Here se mondering nie.
- Hulle begryp dat hierdie soort van dink en optree in dieselfde kategorie as moord val.
    - Dan wil hulle dit nie doen nie omdat hulle die vuilheid van die sonde wat as gevolg daarvan aan hulle vassit nie aan hulle wil hê nie.

- Nou, wat maak hulle?
    - Hulle kom tot bekering en verwyder nagaandigheid uit hulle gedagtes uit.
    - Dit is net nie langer deel van hulle denkpatroon nie.

Met die ander voorbeeld wat die Here noem, is dit presies dieselfde.

- Dit is nie net 'n geval dat hulle as gelowiges nie wil skei nie.
- Hulle sorg dat hulle liefde in Christus so geslyp bly dat die Here tuis is in hulle liefdesverhouding.
- Hulle begryp dat die Here ook begeertes wat buite die grense lê wat Hy afgemeet het, straf.

Omdat ons reeds verlos is, hanteer ons die wet anders as ongelowiges, of valse gelowiges.

- Hulle gebruik die wet om in hierdie lewe uit die moeilikheid te bly.
- Sommiges van hulle het bymotiewe omdat hulle glo hulle kan daarmee soos teen 'n leer opklim tot in die hemel.

Ons hanteer die wet uit die koninkryk van die hemele uit. Ons is in beginsel reeds daar. Ons leef nou net uit wat in ons is:

- Dit waarin die verlossingsbloed van die Here Jesus ons verander het.
- Ons optrede is 'n navolging van die inspraak van God die Heilige Gees.
- Ons goeie lewe is spontaan en vrywillig.

*So word ons geregtigheid oorvloediger as dié van skynheiliges. Ons geregtigheid kom vanself omdat ons reeds deel het aan die koninkryk van die hemele.*

Kom ons lees saam wat ons alles bely rondom die sesde gebod in die Heidelbergse Kategismus Sondag 40.

***Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?***

***Antwoord:*** *Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad (a). Ek moet alle wraaksug laat vaar (b). Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie (c). Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer (d).*

*(a)Matt 5:21, 22; 26:52; Gen 9:6. (b) Ef 4:26; Rom 12:I9; Matt 5:25;18:35. (c) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7. (d) Gen 9:6; Eks 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.*

***Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?***

***Antwoord:*** *Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan (a), soos afguns, haat (b), woede (c) en wraaklus verafsku.. Dit alles is vir Hom heimlike moord (d).*

*(a)Spr 14:30; Rom 1:29. (b) 1 Joh 2:11. (c) Jak 1:20; Gal 5:19-21. (d) 1 Joh 3:15.*

***Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?***

***Antwoord:*** *Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).*

*(a)Matt 22:39; 7:12; Rom 12:10. (b) Ef 4:2; Gal 6:1, 2;Matt 5:5; Rom 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Eks 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom 12:20.*

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 73:11 (p. 369)

11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aarde◌ in kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my eewge goed.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**
**GereformeerdeKerk Bellville**
**Datum: 28 Oktober 2007 (aand)**